VRAE VIR GROEPLEDE (Week van So 2 Aug, 9 Aug, 16 Aug en 23 Aug 2009)

Lees Luk 10:25-37: Dissipels ken mense eerstehands (2 Aug)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Die litêrere konteks van die gelykenis help ons dissipelskap beter te verstaan. Luk 10:1-20 vertel van 72 sendelinge wat uitgestuur is na mense. Luk 10:38-42 help weer om ’n brug te bou met die volgende tema. Dissipelskap gaan oor ’n verhouding met mense en met God.
- Luk 10:25-32: Ons lees van twee godsdienstige mense (kerkmense) wat verby die man in nood gestap het. Die priester en Leviet was so gebind deur allerhande godsdienstige wette dat hulle nie wou help nie. Bv hulle was bang om aan ‘n dooie onrein persoon te raak. Hulle het ook so in hulle eie kokon rondom die tempel geleef dat hulle nie geweet het hoe om op te tree teenoor mense in nood nie. Die Samaritaan was gewoond aan nood rondom hom. Hy het spontaan gehelp. Dit kan vandag ook met ons as kerkmense gebeur. Die gedeelte fokus egter nie op die feit hoe sleg godsdienstige mense is nie; dit wil ons eerder wys op barmhartigheid van die Samaritaan.
- Luk 10:33-37: Wat leer ons van die Samaritaan? Die Barmhartige Samaritaan het hom gesien; hom innig jammer gekry en gaan stil staan; hom prakties gehelp (wonde verbind en hom op rydier gehelp); hy het toegesien dat hy ook vir die toekoms versorg is – nie net vinnig gehelp en nie laat staan nie. Hy het gesorg dat die man in nood weer op die been kon kom. Die Samaritaan het sy hart, sy tyd, sy middele en sy geld vir iemand in nood gegee.
- Luk 10:33: Die woorde “innig jammer gekry” kom net in die eerste drie evangelies voor (11x). Sewe keer verwys hierdie woord na Jesus se gesindheid en net vier keer verwys dit na ander persone of God as vergewende Vader (Luk 15:20). Die Griekse woord wat gebruik word is ’n sterk emosionele woord wat letterlik beteken dat sy hart of binneste in beroering gegaan het.

Moontlike vrae

- In hierdie gelykenis word daar verwys na twee “kerkmense” wat verby die man in nood gestap het? Gebeur dit vandag nog?
- Wat kan ons leer uit dit wat die Barhartige Samaritaan gedoen het?
- Hoekom dink jy het die Samaritaan die persoon in nood gehelp? Gee die teks vir ons enige inligting? (v 33)
- Wat sou jy antwoord as iemand vandag vir jou vra: “wie is jou naaste?” (v 29)
- Bespreek krities die volgende stelling: “Ons gemeente het ‘n hele aantal projekte waarby ons betrokke is, maar ons het nog nie ‘n kultuur van praktiese dissipelskap nie”
- Is daar dinge in Suid-Afrika wat dit vir ons moeilik maak om hierdie gelykenis uit te leef?
- Die gelykenis sluit af met die woorde “gaan maak jy ook so”. Wat gaan jy nou anders doen nadat ons oor die gelykenis gesels het?

Lees Luk 11:1-13: Dissipels ken God eerstehands (9 Aug)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Jesus se "skoling" in gebed kom eers na 3 jaar van saamwees met sy dissipels. En dan is dit nie tegniese opleiding nie. Maar teen daardie tyd het hulle al soveel keer vir Hom hoor en sien bid, dat die "opleiding" genoeg is.
- Lukas 11:1-13 kan moontlik in vier dele opgedeel word: Vraag oor gebed (v 1); Die inhoud van gebed (vv 2-4); Volharding in gebed (vv 5-10); Die feit dat God getrou is (vv 11-13).
- Daar is drie duidelike verskille tussen die weergawe van Matteus en dié van Lukas: (1) Lukas laat die aanhef van die gebed uit "Ons Vader wat in die hemel woon". Daar word bloot na "Vader" verwys; (2) Lukas laat die bede "laat U wil geskied" uit; (3) Die laaste bede "en verlos ons van die Bose" word ook in Lukas se weergawe uitgelaat.
- Die modelgebede wat voorgehou word bestaan uit twee U-bedes en drie "ons" bedes. Dit leer ons dat ons in ons gebede eerstens by God moet begin en dan oorgaan na ons eie behoeftes. Gebed is nie 'n inkopielys wat eerste by myself begin nie.
- 11:9-10: Die woorde "vra en vir julle sal gegee word" veroorsaak allerhande vrae. Beteken dit dat ek alles sal kry waarvoor ek in die gebed vra? Sommige sê dat jy net sal kry as jy gelowig vra? Hierdie stelling roep weer nuwe vrae op: wie se geloof is nou die belangrikste, die bidder of die een vir wie gebid word? Sommige persone sal eenvoudig sê dat die persoon nie gesond word nie, omdat hy/sy nie gelowig gebid het nie. Luk 11 kom gee nie antwoorde op al hierdie vrae nie. Lukas beklemtoon wel dat ons mag vra en dat God soos 'n goeie pa is wat luister. En goeie pa's sê soms "nee my kind" of "wag eers 'n bietjie" of "ek sal self besluit".
- 11:13: Hierdie vers verwys na ons Vader wat in die hemel is, al word dit nie in die aanhef van die gebed genoem nie (v 2). Daar is 'n duidelike verskil tussen God as Hemelse Vader en aardse pa's.

Moontlike vrae

- Bespreek die volgende stelling van Breda: "Dissipelskapformasie is nie die aanleer van allerhande tegnieke en vaardighede nie. Dit is om in persoonlike omgang met God deur Hom beïnvloed te word."
- Vers 1 getuig dat Jesus se voorbeeld vir die dissipels aangespreek het. Wat leer jy uit die gebedslewe van Jesus?
- Hoe kan die struktuur van Jesus se gebed vir ons in ons eie gebede help?
- Vers 8 leer ons iets oor gebedsvolharding. Hoekom raak ons so gou moeg om te bid?
- Is die woorde van Luk 11:9 altyd waar? Is daar vrae wat by jou opkom as jy hierdie vers lees?
- Bespreek die volgende stelling: "Gebed is nie 'n inkopielys wat eerste by myself begin nie".
- Ons kan baie oor gebed gesels, maar die beste is om Jesus se voorbeeld te volg en self te doen. Dit sou goed wees om tydens hierdie groepbyeenkoms minder te gesels en meer te bid.

Lees Luk 11:33-53: Dissipelskap werk van binne af buitentoe Beroepsgevaar 1: skynheiligheid (16 Aug)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Die pad van dissipelskap is nie sonder beroepsgevare ("occupational hazards") nie. Die grootste en eerste beroepsgevaar op die pad van dissipelskap is veruiterliking en skynheiligheid. 'n Mens begin goed: jy gee jouself vir God, jy begin met oorgawe jou lewe in te rig vir die koninkryk. Later begin daar egter 'n verandering in te tree. Alles sit later aan die buitekant en die lewe lek uit. Daar kom 'n groter wordende spanning tussen dit wat in jou hart aangaan en wat sigbaar is. Jy steek dit weg – ook vir jouself. Jesus stel dit in hierdie gesprekke met die Fariseërs aan die kaak en bepleit 'n "Inside-out" lewe – 'n lewe waar my hart deur God verander word en die res dan volg. Skoling in dissipelskap maak eers van my 'n ander mens, en verander my gedrag op grond daarvan.
- 11:34: In hierdie vers word die beeld van die oog gebruik. Die oog moet die lig wat van buite kom, laat inskyn in die liggaam sodat die mens kan sien. As die oog reg is, kry die liggaam lig, maar as die oog verkeerd is, bly die liggaam sonder lig. Die Jode het die lig van Christus tot hulle beskikking gehad om die hele "liggaam" te verlig, maar hulle oog het geweier om die lig te sien. Vers 50 getuig selfs dat die Jode profete en apostels wat van die lig getuig het, doodgemaak het.
- 11:37: Hierdie vers dui op die seremoniële was van die hande voor ete as simbool van geestelike reinheid (moontlik ook twv higiëne). Dit is nie 'n gebruik wat in die OT voorkom nie – daar is slegs sprake van die was van voete.
- 11:42-47, 52: Let op die gebruik van die woorde "ellende wag" (6x). Die Griekse woord *ouai* kan ook met "wee" vertaal word (woe to you). Met hierdie woorde word die oordeel aangekondig. Vergelyk ook die gebruik van dieselfde uitdrukking in die oordeelsaankondigings van die profeteboeke (Jes, Jer, Eseg, ens).
- 11:46: Die ondraaglike laste wys op die ekstra wette en voorskrifte wat die Fariseërs bo en behalwe die Bybelse wette opgestel het.
- 11:52: Die Fariseërs as kenners van die wet en die geskrifte moes die sleutel hê tot die ware kennis van God en sy koninkryk. Maar hulle het die wet verdraai en deur hulle optrede mense weggehou van God.

Moontlike vrae

- Baie mense buite die kerk sê dat Christene skynheilig is. Hoekom sê hulle dit?
- Almal van ons het 'n geneigdheid tot skynheiligheid. Wat keer skynheiligheid?
- Wat verstaan jy onder die tema "dissipelskap werk van binne af buitentoe"?
- Verse 41 tot 47 gebruik 'n paar voorbeelde waar Jesus die Fariseërs ernstig aanspreek.
    - Probeer hierdie voorbeelde aktueel maak vir vandag?
    - Is daar een van die voorbeelde waarmee jy sukkel?
- In Jesus se tyd was daar die groot kontras tussen die Fariseërs aan die een kant en die tollenaars en sondaars aan die ander kant. Is ware dissipels een van hierdie twee of is daar ook 'n derde groep?
- Hoe kan ons met ons kennis en met ons optrede mense weghou van God? (v 52)
- Hoe kan julle mekaar as groep help om met 'n passie vir die Here te leef sonder om skynheilig te wees? Of anders gestel hoe kan God julle help?

Lees Luk 12:13-34: Dissipels se harte klop anders – Beroepsgevaar 2: om God te gebruik (23 Aug)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Dissipels word gevorm om ander waardes te hê. Hulle harte klop anders. Die man wat in v 13 'n versoek tot Jesus rig, kom al die riglyne vir gebed na. Hy het boonop 'n goeie saak (geregtigheid). Jesus sien egter dieper. Hy sien die man se waardes en diepste beweegredes, naamlik gierigheid. Daarom vertel Jesus die gelykenis om hom te help om hierdie ding in homself te herken. In die proses word ons bewus van 'n beroepsgevaar wat skuil op die pad van dissipelskap. Ons kan ons gierigheid/hebsug (of ander skewe waardes) baie vroom toedraai in 'n "goeie saak" en dan met 'n gevoel van regverdigheid daarvoor stry.
- Luk 12:22-34: Daar is ooreenkomste met Matt 6:25-34 asook 6:19-21. Matteus verdeel die twee gedeeltes en Lukas behandel die gedeeltes oor die "sorge van die lewe" en die "skat in die hemel" saam.
- Luk 12:28 en 30: Die Bybel beklemtoon dat bekommernis nie net dwaas en onnodig is nie, maar ook die vrug van kleingelowigheid. Kleingelowiges is mense wat sê dat hulle 'n hemelse Vader het, maar leef asof hulle weeskinders is. Kleingelowiges is mense wat soos Petrus op die water net na hulleself kyk en nie vir God raaksien nie. Kleingelowiges hou voortdurend 'n agterdeur oop – God en Mammon, die geldgod. Hulle vertrou nie volkome op God nie.
- Luk 12:33: Geld en goed kan nie die einddoel van ons lewe wees nie. Dissipels moet geld en goed aanwend tot eer van God en sy koninkryk. Ons word aangemoedig om ryk in God se koninkryk te wees.
- Luk 12:34: God se kudde, sy kinders (vgl v 32) en sy dissipels sal altyd anders dink oor geld en goed. Hulle sal eerstens fokus op die skat van die koninkryk en nie eerstens op die bymekaarmaak van aardse skatte nie. Hulle hart (hulle passie, doel, wens, strewe) sal op die regte plek wees. Vgl die Boodskap vertaling: "Onthou, die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou 'rekening' oopgemaak het."

Moontlike vrae

- Wie is die vrygewigste persoon wat jy ken? Dink aan die eienskappe van daardie persoon en deel dit met die groep.
- Bespreek die volgende stelling van Brian Kluth: "As ons aan Christus behoort, is dit logies dat al ons besittings eintlik syne is. Wanneer ons aan God gee, doen ons net afstand van wat rééds aan Hom behoort."
- Vrygewigheid speel 'n belangrike rol in my geestelike lewe. Wat word bedoel met die woorde van Luk 12:34? (lees ook die boodskap vertaling)
- Somtyds word gesê dat 'n mens se beursie die laaste ding is wat tot bekering kom. Is dit waar?
- God het ons aangestel om goeie rentmeesters op aarde te wees. Somtyds word daar verwys na die vier t's van rentmeesterskap: "time, trees, treasures and talents." Watter een van die vier skeep jy die meeste af?
- Bespreek die volgende stelling van Louis Malherbe: "Bring my jou dagboek en tjekboek en ek sal vir jou sê wat belangrik is in jou lewe".
- Hoe kan ons as groep mekaar help om ons waardes te verander? Of is nie maar net elke week besig om slegte waardes te voed of te verskoon nie?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 2 Aug 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Deel 'n verhaal met die groep waar jy beleef het dat 'n vreemdeling vir jou spesiaal omgegee het (dalk toe jy op reis was).

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Men of faith (CD no 8); Jesus all for Jesus (CD no 5); Praat ek mense engle tale (Lied 530); 'n Man was van Jerusalem na Jerigo op pad (JSB II 62).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 51:1-12.
- Gebruik die woorde van Ps 51 (veral vv 3-6) as sondebelydenis – veral die sonde waar ons ons naaste ignoreer.
- Bid die woorde van Lied 530 as 'n gebed.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 2 Aug se eredienste (2e So in ons reeks oor Jesus se Dissipelskapskool).

Lees Luk 10:25-37: Dissipels ken mense eerstehands

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Die litêrere konteks van die gelykenis help ons dissipelskap beter te verstaan. Luk 10:1-20 vertel van 72 sendelinge wat uitgestuur is na mense. Luk 10:38-42 help weer om 'n brug te bou met die volgende tema. Dissipelskap gaan oor 'n verhouding met mense en met God.
- Luk 10:25-32: Ons lees van twee godsdienstige mense (kerkmense) wat verby die man in nood gestap het. Die priester en Leviet was so gebind deur allerhande godsdienstige wette dat hulle nie wou help nie. Bv hulle was bang om aan 'n dooie onrein persoon te raak. Hulle het ook so in hulle eie kokon rondom die tempel geleef dat hulle nie geweet het hoe om op te tree teenoor mense in nood nie. Die Samaritaan was gewoond aan nood rondom hom. Hy het spontaan gehelp. Dit kan vandag ook met ons as kerkmense gebeur. Die gedeelte fokus egter nie op die feit hoe sleg godsdienstige mense is nie; dit wil ons eerder wys op barmhartigheid van die Samaritaan.
- Luk 10:33-37: Wat leer ons van die Samaritaan? Die Barmhartige Samaritaan het hom gesien; hom innig jammer gekry en gaan stil staan; hom prakties gehelp (wonde verbind en hom op rydier gehelp); hy het toegesien dat hy ook vir die toekoms versorg is – nie net vinnig gehelp en nie laat staan nie. Hy het gesorg dat die man in nood weer op die been kon kom. Die Samaritaan het sy hart, sy tyd, sy middele en sy geld vir iemand in nood gegee.
- Luk 10:33: Die woorde "innig jammer gekry" kom net in die eerste drie evangelies voor (11x). Sewe keer verwys hierdie woord na Jesus se gesindheid en net vier keer verwys dit na ander persone of God as vergewende Vader (Luk 15:20). Die Griekse woord wat gebruik word is 'n sterk emosionele woord wat letterlik beteken dat sy hart of binneste in beroering gegaan het.

Moontlike vrae

- In hierdie gelykenis word daar verwys na twee "kerkmense" wat verby die man in nood gestap het? Gebeur dit vandag nog?
- Wat kan ons leer uit dit wat die Barhartige Samaritaan gedoen het?
- Hoekom dink jy het die Samaritaan die persoon in nood gehelp? Gee die teks vir ons enige inligting? (v 33)
- Wat sou jy antwoord as iemand vandag vir jou vra: "wie is jou naaste?" (v 29)
- Bespreek krities die volgende stelling: "Ons gemeente het 'n hele aantal projekte waarby ons betrokke is, maar ons het nog nie 'n kultuur van praktiese dissipelskap nie"
- Is daar dinge in Suid-Afrika wat dit vir ons moeilik maak om hierdie gelykenis uit te leef?
- Die gelykenis sluit af met die woorde "gaan maak jy ook so". Wat gaan jy nou anders doen nadat ons oor die gelykenis gesels het?

Bybelstudiemetodes

Drie-vraag metode

- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)

- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord 'n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Die hele tema handel oor uitreiking.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 10:37b "Gaan maak jy ook so"
- Hierdie is 'n gelykenis wat maklik saam met die kinders opgevoer kan woord; julle kan selfs die liedjie gebruik as julle hom ken.
- Probeer die volgende woorde vaslê: *staan stil; sien raak; en help.*
- Moontlike vrae: Wie is jou naaste? Waar het iemand jou die afgelope week gehelp? Hoekom het die Samaritaan die man in nood gehelp? Hoe kan jy vir ander help?

ADMINISTRASIE

- Volgende byeenkoms is Di aand 25 Aug (19:00-20:30) saam met die wyksleiers. Ons vergaderdatums vir die res van die jaar is: 22 Sept (nie op almanak); 27 Okt; en 24 Nov. Teken dit solank in jou dagboek aan.
- Maak seker dat almal 'n Helderstem in julle groep kry.

VERDERE TOERUSTING EN ONDERSTEUNING

- Ons gesels oor dissipelmaking. Moontlike vrae wat ons kan help in die gesprek:
    - Wat kan ons by Jesus se verhouding met sy dissipels leer?
    - Hoe kan dissipelmaking in 'n kleingroep plaasvind?
    - Het omgeegroeplede 'n geestelike invloed in mekaar se lewens?
    - Kan dit gebeur dat ons dissipels van mense word in plaas van dissipels van Jesus?

- Ons gee elke maand tyd vir die volgende:
  - Ons *gee om* vir mekaar
  - Ons *leer* by mekaar
  - Ons *bid* vir mekaar
- Is daar enige voorstelle wat julle aan ons wil deurgee rondom versorgingsbediening?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 9 Aug 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Is daar iets van jou ouers of grootouers wat jy rondom gebed onthou (dalk net die manier waarop hulle die tafelgebede gedoen het). Deel dit met die groep.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Ons Vader gebed (Lied 266); Wees stil en weet (Lied 519); Jesus all for Jesus (CD no 5); Lied 167 (Jesus bron van al my vreugde).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 130
- Bid die Ons Vader as groep saam (Lukas of Matteus se weergawe).
- So 9 Aug is Vrouedag. Bid spesiaal vir die vroue en dogters van ons land. Bid veral vir vroue wat swaarkry en uitgebuit word.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30). Is daar nie van julle groeplede wat saam met ander gemeentelede wil kom bid nie?
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy ‘n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 9 Aug se eredienste (3e So in ons reeks oor Jesus se Dissipelskapskool)

Lees Luk 11:1-13: Dissipels ken God eerstehands

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Jesus se “skoling” in gebed kom eers na 3 jaar van saamwees met sy dissipels. En dan is dit nie tegniese opleiding nie. Maar teen daardie tyd het hulle al soveel keer vir Hom hoor en sien bid, dat die “opleiding” genoeg is.
- Lukas 11:1-13 kan moontlik in vier dele opgedeel word: Vraag oor gebed (v 1); Die inhoud van gebed (vv 2-4); Volharding in gebed (vv 5-10); Die feit dat God getrou is (vv 11-13).
- Daar is drie duidelike verskille tussen die weergawe van Matteus en dié van Lukas: (1) Lukas laat die aanhef van die gebed uit “Ons Vader wat in die hemel woon”. Daar word bloot na “Vader” verwys; (2) Lukas laat die bede “laat U wil geskied” uit; (3) Die laaste bede “en verlos ons van die Bose” word ook in Lukas se weergawe uitgelaat.
- Die modelgebede wat voorgehou word bestaan uit twee U-bedes en drie “ons” bedes. Dit leer ons dat ons in ons gebede eerstens by God moet begin en dan oorgaan na ons eie behoeftes. Gebed is nie ’n inkopielys wat eerste by myself begin nie.
- 11:9-10: Die woorde “vra en vir julle sal gegee word” veroorsaak allerhande vrae. Beteken dit dat ek alles sal kry waarvoor ek in die gebed vra? Sommige sê dat jy net sal kry as jy gelowig vra? Hierdie stelling roep weer nuwe vrae op: wie se geloof is nou die belangrikste, die bidder of die een vir wie gebid word? Sommige persone sal eenvoudig sê dat die persoon nie gesond word nie, omdat hy/sy nie gelowig gebid het nie. Luk 11 kom gee nie antwoorde op al hierdie vrae nie. Lukas beklemtoon wel dat

ons mag vra en dat God soos ’n goeie pa is wat luister. En goeie pa’s sê soms “nee my kind” of “wag eers ’n bietjie” of “ek sal self besluit”.

- 11:13: Hierdie vers verwys na ons Vader wat in die hemel is, al word dit nie in die aanhef van die gebed genoem nie (v 2). Daar is ’n duidelike verskil tussen God as Hemelse Vader en aardse pa’s.

Moontlike vrae

- Bespreek die volgende stelling van Breda: “Dissipelskapformasie is nie die aanleer van allerhande tegnieke en vaardighede nie. Dit is om in persoonlike omgang met God deur Hom beïnvloed te word.”
- Vers 1 getuig dat Jesus se voorbeeld vir die dissipels aangespreek het. Wat leer jy uit die gebedslewe van Jesus?
- Hoe kan die struktuur van Jesus se gebed vir ons in ons eie gebede help?
- Vers 8 leer ons iets oor gebedsvolharding. Hoekom raak ons so gou moeg om te bid?
- Is die woorde van Luk 11:9 altyd waar? Is daar vrae wat by jou opkom as jy hierdie vers lees?
- Bespreek die volgende stelling: “Gebed is nie ’n inkopielys wat eerste by myself begin nie”.
- Ons kan baie oor gebed gesels, maar die beste is om Jesus se voorbeeld te volg en self te doen. Dit sou goed wees om tydens hierdie groepbyeenkoms minder te gesels en meer te bid.

Bybelstudiemetodes (sien week van 2 Aug)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- As ons ’n passie vir God het, sal dit uitloop in uitreiking. As jy getrou bid, gebruik God soms vir jou as werktuig in diens van jou gebed.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Leer vir die kinders die Ons Vader gebed (Matt 6:9-13 = Luk 11:2-4).
- Verduidelik vir die kinders gebed aan die hand van ’n goeie pa wat met sy kind gesels (vgl bespreking by 11:9-10).
- Moontlike vrae wat gevra kan word: Hoekom moet ons bid? Wat leer ons uit Jesus se gebed? Hoekom raak ons soms moeg om te bid? Antwoord Jesus ons gebede? Dink aan al die eienskappe van ’n goeie pa. Dink julle Jesus is so? Sê goeie pa’s soms “nee” as jy vir hulle iets vra?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 16 Aug 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Was daar kere dat jy dalk jouself beter probeer voordoen het as wat jy is of dalk net ’n goeie indruk wou laat? Dalk by die skool of by ’n eerste “date” of by jou skoonmense? Wat het jy gedoen?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Men of faith (CD no 8); Jesus all for Jesus (CD no 5); Lied 167 (Jesus bron van al my vreugde).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 111. Gebruik die woorde van die Psalm as lofgebed.
- Bid spesiaal vir die kerk van Christus op aarde dat ons heilig sal lewe en nie skynheilig nie.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy ‘n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 16 Aug se eredienste (4e So in ons reeks oor Jesus se dissipelskapskool).

Lees Luk 11:33-53: Dissipelskap werk van binne af buitentoe Beroepsgevaar 1: skynheiligheid

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Die pad van dissipelskap is nie sonder beroepsgevare ("occupational hazards") nie. Die grootste en eerste beroepsgevaar op die pad van dissipelskap is veruiterliking en skynheiligheid. 'n Mens begin goed: jy gee jouself vir God, jy begin met oorgawe jou lewe in te rig vir die koninkryk. Later begin daar egter 'n verandering in te tree. Alles sit later aan die buitekant en die lewe lek uit. Daar kom 'n groter wordende spanning tussen dit wat in jou hart aangaan en wat sigbaar is. Jy steek dit weg – ook vir jouself. Jesus stel dit in hierdie gesprekke met die Fariseërs aan die kaak en bepleit 'n "Inside-out" lewe – 'n lewe waar my hart deur God verander word en die res dan volg. Skoling in dissipelskap maak eers van my 'n ander mens, en verander my gedrag op grond daarvan.
- 11:34: In hierdie vers word die beeld van die oog gebruik. Die oog moet die lig wat van buite kom, laat inskyn in die liggaam sodat die mens kan sien. As die oog reg is, kry die liggaam lig, maar as die oog verkeerd is, bly die liggaam sonder lig. Die Jode het die lig van Christus tot hulle beskikking gehad om die hele "liggaam" te verlig, maar hulle oog het geweier om die lig te sien. Vers 50 getuig selfs dat die Jode profete en apostels wat van die lig getuig het, doodgemaak het.
- 11:37: Hierdie vers dui op die seremoniële was van die hande voor ete as simbool van geestelike reinheid (moontlik ook twv higiëne). Dit is nie 'n gebruik wat in die OT voorkom nie – daar is slegs sprake van die was van voete.
- 11:42-47, 52: Let op die gebruik van die woorde "ellende wag" (6x). Die Griekse woord *ouai* kan ook met "wee" vertaal word (woe to you). Met hierdie woorde word die oordeel aangekondig. Vergelyk ook die gebruik van dieselfde uitdrukking in die oordeelsaankondigings van die profeteboeke (Jes, Jer, Eseg, ens).
- 11:46: Die ondraaglike laste wys op die ekstra wette en voorskrifte wat die Fariseërs bo en behalwe die Bybelse wette opgestel het.
- 11:52: Die Fariseërs as kenners van die wet en die geskrifte moes die sleutel hê tot die ware kennis van God en sy koninkryk. Maar hulle het die wet verdraai en deur hulle optrede mense weggehou van God.

Moontlike vrae

- Baie mense buite die kerk sê dat Christene skynheilig is. Hoekom sê hulle dit?
- Almal van ons het 'n geneigdheid tot skynheiligheid. Wat keer skynheiligheid?
- Wat verstaan jy onder die tema "dissipelskap werk van binne af buitentoe"?
- Verse 41 tot 47 gebruik 'n paar voorbeelde waar Jesus die Fariseërs ernstig aanspreek.
    - Probeer hierdie voorbeelde aktueel maak vir vandag?
    - Is daar een van die voorbeelde waarmee jy sukkel?
- In Jesus se tyd was daar die groot kontras tussen die Fariseërs aan die een kant en die tollenaars en sondaars aan die ander kant. Is ware dissipels een van hierdie twee of is daar ook 'n derde groep?
- Hoe kan ons met ons kennis en met ons optrede mense weghou van God? (v 52)
- Hoe kan julle mekaar as groep help om met 'n passie vir die Here te leef sonder om skynheilig te wees? Of anders gestel hoe kan God julle help?

Bybelstudiemetodes (sien week van 2 Aug)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Dissipels wat binne skoon is sal dit na buite wys.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 11:34
- Probeer aan die kinders die kernvers verduidelik met die beeld van die oog. Laat hulle hul oë toemaak en weer oopmaak. Sonder die oog kan ons niks sien nie al is dit ook hoe lig aan die buitekant. As daar

iemand in die groep is wat meer mediese kennis het hoe die oog werk, kan hy/sy dit vir die kinders verduidelik.
- Wat verstaan jy onder die woord "skynheiligheid"? Hoekom het Jesus so hard met die Fariseërs gepraat? Wat is die verskil tussen 'n Fariseër en 'n dissipel van Jesus?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 23 Aug 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)
- Wat is die besitting in jou lewe wat jy die maklikste sal weggee? Wat is die besitting in jou huis wat jy die moeilikste sal weggee?

(B) AANBIDDING
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Jesus all for Jesus (CD no 5); Lied 188 (Kom dank nou almal God); Lied 200 (U goedheid Heer); Lied 308 (Neem my lewe); Vroeg in die môre; Give thanks.
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 84. Bid hierdie Psalm. Probeer ook die kontras uitbeeld van mense wat sê "Hoe lief het ek my motor" "Ek smag van verlange om weer in my motor te ry".
- Dalk kan julle geld, motorsleutels, huissleutels, ens op die tafel plaas terwyl julle bid.
- Bid dat die Here ons sal verlos van materialisme.

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD
Die tema sluit aan by Sondag 23 Aug se eredienste (5e So in ons preekreeks oor Jesus se dissipelskapskool).

Lees Luk 12:13-34: Dissipels se harte klop anders – Beroepsgevaar 2: om God te gebruik

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte
- Sien ook ekstra uitdeelstuk oor Lukas.
- Dissipels word gevorm om ander waardes te hê. Hulle harte klop anders. Die man wat in v 13 'n versoek tot Jesus rig, kom al die riglyne vir gebed na. Hy het boonop 'n goeie saak (geregtigheid). Jesus sien egter dieper. Hy sien die man se waardes en diepste beweegredes, naamlik gierigheid. Daarom vertel Jesus die gelykenis om hom te help om hierdie ding in homself te herken. In die proses word ons bewus van 'n beroepsgevaar wat skuil op die pad van dissipelskap. Ons kan ons gierigheid/hebsug (of ander skewe waardes) baie vroom toedraai in 'n "goeie saak" en dan met 'n gevoel van regverdigheid daarvoor stry.
- Luk 12:22-34: Daar is ooreenkomste met Matt 6:25-34 asook 6:19-21. Matteus verdeel die twee gedeeltes en Lukas behandel die gedeeltes oor die "sorge van die lewe" en die "skat in die hemel" saam.
- Luk 12:28 en 30: Die Bybel beklemtoon dat bekommernis nie net dwaas en onnodig is nie, maar ook die vrug van kleingelowigheid. Kleingelowiges is mense wat sê dat hulle 'n hemelse Vader het, maar leef asof hulle weeskinders is. Kleingelowiges is mense wat soos Petrus op die water net na hulleself kyk en nie vir God raaksien nie. Kleingelowiges hou voortdurend 'n agterdeur oop – God en Mammon, die geldgod. Hulle vertrou nie volkome op God nie.
- Luk 12:33: Geld en goed kan nie die einddoel van ons lewe wees nie. Dissipels moet geld en goed aanwend tot eer van God en sy koninkryk. Ons word aangemoedig om ryk in God se koninkryk te wees.
- Luk 12:34: God se kudde, sy kinders (vgl v 32) en sy dissipels sal altyd anders dink oor geld en goed. Hulle sal eerstens fokus op die skat van die koninkryk en nie eerstens op die bymekaarmaak van aardse skatte nie. Hulle hart (hulle passie, doel, wens, strewe) sal op die regte plek wees. Vgl die Boodskap

vertaling: “Onthou, die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou ‘rekening’ oopgemaak het.”

Moontlike vrae

- Wie is die vrygewigste persoon wat jy ken? Dink aan die eienskappe van daardie persoon en deel dit met die groep.
- Bespreek die volgende stelling van Brian Kluth: “As ons aan Christus behoort, is dit logies dat al ons besittings eintlik syne is. Wanneer ons aan God gee, doen ons net afstand van wat rééds aan Hom behoort.”
- Vrygewigheid speel ’n belangrike rol in my geestelike lewe. Wat word bedoel met die woorde van Luk 12:34? (lees ook die boodskap vertaling)
- Somtyds word gesê dat ’n mens se beursie die laaste ding is wat tot bekering kom. Is dit waar?
- God het ons aangestel om goeie rentmeesters op aarde te wees. Somtyds word daar verwys na die vier t’s van rentmeesterskap: “time, trees, treasures and talents.” Watter een van die vier skeep jy die meeste af?
- Bespreek die volgende stelling van Louis Malherbe: “Bring my jou dagboek en tjekboek en ek sal vir jou sê wat belangrik is in jou lewe”.
- Hoe kan ons as groep mekaar help om ons waardes te verander? Of is nie maar net elke week besig om slegte waardes te voed of te verskoon nie?

Bybelstudiemetodes (sien week van 2 Aug)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Ons dien God en ander met ons besittings.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 12:34
- Julle kan vir die kinders iets maak om hulle te herinner aan die tema. Kry ’n klein magneetjie, ’n houtkruis, ‘n skuifspeld en ’n geldstuk. Plak die klein magneetjie onderaan die kruisie vas. Die kruis stel God voor en die skuifspeld/spyker die mense. Die kruis met die magneet trek die skuifspeld aan (dws daar is ’n goeie verhouding tussen God en mens). Maar as ek die nikkel geldstuk (bv R5 stuk) tussen die magneet en die skuifspeld plaas, kan die magneet dit nie aantrek nie. Die boodskap is dat geld en goed (of die verkeerde hantering van geld en goed) somtyds ons verhouding met God kan benadeel.
- Die Bybel@kinders vertaal Luk 12:33-34 soos volg: “Deel julle geld met ander mense wat arm is. Dan het julle ’n groot skat in die hemel. En onthou: geen dief kan ooit daar by God inbreek nie. Doen net dinge wat God se hart bly maak. Dan maak julle vir julle skatte in die hemel bymekaar.”
- Moontlike vrae: Wat beteken die woord “vrygewigheid”? Hoekom wil God hê dat ons ook vir Hom met ons geld en goed moet dien? Hoe sal jy Luk 12:34 in jou eie taal vertaal? Wat kan jy vir God gee?